education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

## GESKIEDENIS VRAESTEL 2 : ALGEMENE GESKIEDENIS

## HOËR GRAAD

## OKTOBER/NOVEMBER 2006

## 503-1/2A

GESKIEDENIS HG: Vraestel 2
Vraestel & Addendum

503 1 2A HG

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 17 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

GAUTENG

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat besluit word watter vrae beantwoord gaan word:

1. Die vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A bestaan uit SES opstelvrae.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

4. MOENIE TWEE opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord nie.

5. Jy word toegelaat om EEN opstelvraag en EEN brongebaseerde vraag uit dieselfde tema te beantwoord.

6. Beantwoord VIER vrae:

   6.1 Minstens EEN moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees.

   6.2 **JY MOET MINSTENS EEN VRAAG UIT DIE VERPLIGTE TEMA BEANTWOORD: *AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU* (ÓF 'N OPSTELVRAAG ÓF 'N BRONGEBASEERDE VRAAG).**

7. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.

8. Tyd toegestaan vir die vraestel moet effektief benut word in die beantwoording van die vrae, verkieslik ongeveer 45 minute per vraag.

9. Die blote oorskryf van bronne in die beantwoording van vrae sal die kandidate benadeel.

10. Skryf duidelik en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag en nie meer as DRIE vrae uit hierdie afdeling nie.

## VRAAG 1: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

Beantwoord óf VRAAG 1A óf VRAAG 1B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

### VRAAG 1A

Binne 'n tydperk van tien jaar vanaf die 1950's tot 1960's, het omstandighede buite hul beheer die koloniale magte gedwing om vryheid toe te ken en te vlug.

Stem jy saam met hierdie evaluering van die proses van dekolonisasie in Afrika? Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**OF**

### VRAAG 1B

Die mislukking van die Organisasie van Afrika-Eenheid om sy oogmerke te bereik, al was dit edel en deurdag, was as gevolg van sy eie inherente swakhede.

Is dit billike kommentaar oor die Organisasie van Afrika-Eenheid (OAE)? Bespreek krities. **[50]**

## VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN SOWJET-RUSLAND

Beantwoord óf VRAAG 2A óf VRAAG 2B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

### VRAAG 2A

Lenin se bekendstelling van die Nuwe Ekonomiese Beleid was ‘n meesterlike plan om Rusland van ekonomiese ineenstorting te red.

Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. **[50]**

**OF**

**VRAAG 2B**

Tot watter mate was Stalin suksesvol in sy oogmerk om 'n onafhanklike en doeltreffende ekonomie in Rusland van 1928 tot 1939 te skep? Motiveer jou antwoord. **[50]**

## VRAAG 3: DIE OPKOMS VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

Beantwoord óf VRAAG 3A óf VRAAG 3B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

**VRAAG 3A**

Die skuld vir die oorsake en gevolge van die Groot Depressie in die Verenigde State van Amerika kan aan die beleidsrigting van die Republikeine in die 1920's toegeskryf word.

Is dit 'n billike evaluering? Bespreek. **[50]**

**OF**

**VRAAG 3B**

Het Roosevelt se New Deal-beleid die Verenigde State van Amerika van die Groot Depressie van 1929 gered? Bespreek. **[50]**

## AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

## VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

### 4.1 WAT W AS DIE UITDAGINGS W AT AFRIKA N A O NAFHANKLIKHEID IN DIE GESIG GESTAAR HET?

Gebruik Bronne 4A, 4B en 4C om die volgende vrae te beantwoord:

4.1.1 Verwys na Bron 4A.

(a) Wat vertel die skets deur Kentridge jou van Afrika na onafhanklikheid? (1 x 2) (2)

(b) Wat, dink jy, het Kentridge gemotiveer om hierdie skets te maak? (1 x 2) (2)

4.1.2 Bestudeer Bron 4B en gebruik jou eie kennis. Verduidelik waarom die bruto nasionale produk van die Afrika-lande so baie verskil van dié van Denemarke. (1 x 2) (2)

4.1.3 Verduidelik die bruikbaarheid of beperkings van Bron 4B in die weerspieëling van 'n begrip van die penarie (situasie) van Afrika na onafhanklikheid. (2 x 3) (6)

4.1.4 Verduidelik hoe Bron 4A die kontras (teenstelling) met Bron 4B beklemtoon. (5)

4.1.5 Gebruik Bron 4B en jou eie kennis en verduidelik die redes vir die hoë persentasie ongeletterdheid in die Afrika-state. (1 x 2) (2)

4.1.6 Verwys na Bron 4C. Verduidelik waarom Zapiro 'VIGS, OORLOG EN MALARIA', as die hoofoorsake van sterftes in Afrika stel. (1 x 3) (3)

4.1.7 Gebruik Bronne 4A, 4B, 4C en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 8 reëls (80 woorde) oor die uitdagings wat Afrika na onafhanklikheid in die gesig gestaar het. (8)

**(30)**

## 4.2 HOE IS DEMOKRASIE BEGRYP (BESKOU) EN TOEGEPAS IN AFRIKA NA ONAFHANKLIKWORDING?

Gebruik Bronne 4D en 4E om die volgende vrae te beantwoord:

4.2.1 Verwys na Bron 4D. Watter redes verskaf Shillington dat die Afrika-state nie 'n veelparty- parlementêre stelsel wou hê nie? (2 x 1) (2)

4.2.2 Verduidelik of jy dink daar regverdiging bestaan vir die argument dat 'demokratiese keuse net so maklik binne ‘n eenpartystelsel beoefen kan word’. (1 x 3) (3)

4.2.3 Bestudeer Bron 4E. Verduidelik die betekenisvolheid van die boodskap wat die spotprenttekenaar deur die karakter met die etiket, Afrika-Demokrasie, in die spotprent uitbeeld. (2 x 2) (4)

4.2.4 Op watter wyse is Bron 4E nuttig in die uitbeelding van die begrip ‘demokrasie’? (2 x 2) (4)

4.2.5 Deur gebruik te maak van Bronne 4D, 4E en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer 7 reëls (70 woorde) oor hoe demokrasie in Afrika na onafhanklikwording begryp en toegepas is. (7)

**(20)**

**[50]**

## VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEEDE WêRELDOORLOG GELEI HET

### 5.1 WAT WAS DIE GESINDHEID TEENOOR VROUE IN DIE DUITSE NAZI-STAAT?

Bestudeer Bronne 5A, 5B en 5C en beantwoord die volgende vrae:

5.1.1 Verwys na Bron 5A. Wat was Hitler se opvatting van die rol van vroue in die Nazi-staat? (1 x 2) (2)

5.1.2 Verwys na Uittreksel 2 van Bron 5B. Verduidelik hoe die vakke wat meisies op skool geleer het hulle voorberei het vir hulle rolle as vroue en moeders in Nazi-Duitsland. (4 x 1) (4)

5.1.3 In watter opsig vul Bronne 5A en 5C mekaar aan met betrekking tot die rol van vroue? (3 x 2) (6)

5.1.4 Deur gebruik te maak van Bronne 5A, 5B, 5C en jou eie kennis, skryf 'n artikel van 10 reëls (ongeveer 100 woorde) vir jou skoolkoerant waarin jy die gesindheid van die Nazi's teenoor vroue ondersteun of bevraagteken. (10)

**(22)**

### 5.2 WAS DIE DUITSE OORNAME VAN SUDETENLAND IN 1938 REGVERDIG?

Bestudeer Bronne 5D, 5E, 5F en 5G en beantwoord dan die vrae wat volg:

5.2.1 Verwys na Bron 5D. Watter indruk kry jy van Hitler uit William Shirer se weergawe? (1 x 2) (2)

5.2.2 Verwys na Bron 5D en gebruik jou eie kennis. Hitler se daaropvolgende handelinge het getoon dat hy oneerlik was ten opsigte van twee aspekte van sy toespraak daardie aand.
Haal EEN van die stellings uit die toespraak aan wat blyk vals te gewees het en verduidelik waarom dit vals was. (2 x 2) (4)

5.2.3 Bestudeer Uittreksel 1 van Bron 5F. Hoe het die Franse Minister van Buitelandse Sake die ondertekening van die München-ooreenkoms geregverdig? (1 x 2) (2)

5.2.4 Bestudeer Uittreksel 2 van Bron 5F. Verduidelik die implikasies van die stelling: 'Ons staan alleen'. (2 x 2) (4)

5.2.5 Verwys na Bron 5G en verduidelik waarom jy dink dat die foto nuttig in die uitbeelding van die gebeurtenis is. (2 x 2) (4)

5.2.6 Verduidelik hoe Bron 5G Uittreksel 2 van Bron 5F aanvul. (2 x 2) (4)

5.2.7 Deur gebruik te maak van die gegewe bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer 8 reëls (80 woorde) om te verduidelik of die Duitse oorname van Sudetenland geregverdig kan word. (8)

**(28)**

**[50]**

## VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGS EN GEBEURE 1945 - 1970: DIE KOUE OORLOG

### 6.1 HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) GEREAGEER OP DIE UITBREIDING VAN SOWJET-INVLOED IN EUROPA?

Bestudeer Bronne 6A, 6B, 6C en 6D en beantwoord die volgende vrae:

6.1.1 Verwys na Bron 6A.

(a) Waarom, volgens George Marshall, was Europa in 'n ernstige ekonomiese verknorsing in 1947? (2 x 2) (4)

(b) Verduidelik waarom die VSA (George Marshall) so besorg was oor die 'agteruitgang' van Europa. (1 x 3) (3)

(c) Verduidelik waarom jy dink dat die betrokkenheid van die VSA in Europa geregverdig kan word. (2 x 2) (4)

6.1.2 Met verwysing na Bron 6B, watter gevolgtrekkings kan jy maak aangaande die posisie van die VSA na die Tweede Wêreldoorlog? (2 x 2) (4)

6.1.3 Op watter wyse vul die bewyse in Bron 6B Marshall se toespraak in Bron 6A aan? (2 x 2) (4)

6.1.4 Verwys na Bron 6C.

(a) Waarom, dink jy, was die Sowjet-regering skepties oor die Trumanleer en die Marshallplan? (2 x 2) (4)

(b) Lewer kommentaar oor die akkuraatheid van die stelling: 'die ou metodes van die koloniseerders en bittereinder-politici uitgedien is en tot mislukking gedoem is'. (2 x 2) (4)

6.1.5 Verduidelik of jy die Sowjet-standpunte in Bron 6D as betroubaar beskou. (2 x 2) (4)

6.1.6 Vergelyk Bronne 6C en 6D. In watter opsig beeld hierdie bronne soortgelyke standpunte ten opsigte van die beleid van die VSA uit? (2 x 2) (4)

6.1.7 Hoe verskil die Sowjet-standpunt van die Marshallplan in Bron 6D van dié van die VSA, soos uitgebeeld in Bron 6A? (2 x 2) (4)

6.1.8 Deur al die bronne en jou eie kennis te gebruik, skryf 'n kort artikel van ongeveer 11 reëls (ongeveer 110 woorde) vir jou skooltydskrif waarin jy verduidelik of die reaksie van die VSA op die uitbreiding van Sowjet-invloed ondersteun kan word. (11)

**[50]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

# GESKIEDENIS VRAESTEL 2 : ALGEMENE GESKIEDENIS

# ADDENDUM

## HOËR GRAAD

## OKTOBER/NOVEMBER 2006

## 503-1/2A

## VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

### 4.1 WAT WAS DIE UITDAGINGS WAT AFRIKA NA ONAFHANKLIKHEID IN DIE GESIG GESTAAR HET?

**BRON 4A**

Die volgende skets deur William Kentridge, 'n beroemde Suid-Afrikaanse kunstenaar, toon 'n lid van die wabenzi (die bynaam wat gebruik is vir ryk mense in verarmde lande wat Mercedes Benz-motors besit het).



**BRON 4B**

Die volgende tabel toon vergelykende tendense in 1991 tussen ontwikkelende lande en Denemarke, 'n ontwikkelde land. Die tendense is saamgestel deur die Internasionale Bank vir Rekonstruksie en Ontwikkeling ('IBRD') se *Wêreldontwikkelingsverslag*, in 1993 gepubliseer.

| Land | BNP* (gemiddelde jaarlikse inkomste) per persoon ($US) | Lewens-verwagting (jare) | Kinder-sterftesyfer (per 1 000) | Volwasse ongeletterd-heid: vroue(%) | Volwasse ongeletterd-heid: mans(%) |
|---|---|---|---|---|---|
| Mosambiek | **804** | **71** | **49** | **79** | **67** |
| Nigerië | **340** | **52** | **85** | **61** | **49** |
| Zimbabwe | **650** | **60** | **48** | **40** | **33** |
| Mexiko | **3 030** | **70** | **36** | **15** | **13** |
| Denemarke | **23 700** | **75** | **8** | **0** | **0** |

* BNP – die hoeveelheid geld wat daardie land besit (per kop beteken die hoeveelheid geld wat elke persoon sou besit indien die BNP gelykop tussen die bevolking van die land verdeel word)

**BRON 4C**


Die volgende spotprent deur Zapiro, Suid-Afrikaanse spotprenttekenaar, in 1999, beeld die vernaamste oorsake van sterftes in Afrika uit. Die spotprent het die aandag op die oorsake van sterftes geplaas.

Afrikaanse vertaling van die byskrifte:

... in die 'Vernaamste oorsaak van sterftes-item',
die kontinent se nuwe nommer een! ..

DIE HELE AFRIKA

OORLOG VIGS MALARIA



## 4.2 HOE IS DEMOKRASIE BEGRYP (BESKOU) EN TOEGEPAS IN AFRIKA NA ONAFHANKLIKWORDING?

**BRON 4D**


Die volgende skrywe deur Shillington, 'n geskiedkundige, verduidelik waarom baie leiers 'n eenpartystelsel gekies het. Dit is geneem uit die boek *History of Africa* wat in 1989 gepubliseer is.

> Die meeste regerende politici van Afrika het gou die veelparty- parlementêre stelsel verwerp as onuitvoerbaar. Hulle het die spesifieke omstandighede van hul lande se dringende behoefte aan nasionale eenheid voorgehou ten einde vinnige maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bereik. Binne 'n paar jaar na onafhanklikheid het die meeste Afrika-regerings een of ander vorm van 'n 'eenpartystaat' gestig ... Die argument ten gunste van 'n eenpartystelsel was dat parlementêre opposisie gebaseer op streeks-etniese belange eerder afbrekende as opbouende opposisie was. Daar is geredeneer dat demokratiese keuse net so maklik binne 'n eenpartystelsel beoefen kan word.

Kopiereg voorbehou

**BRON 4E**

Hierdie spotprent is gepubliseer in die *Daily Express*, ‘n Britse koerant, in Januarie 1965, kort nadat Kenia 'n onafhanklike republiek geword het en op die vooraand van gespanne verkiesings in Nigerië. Die spotprent weerspieël hoe demokrasie begryp en in Afrika na onafhanklikheid toegepas is. Die opskrif onderaan die spotprent lees: ‘ … in elk geval Europa, jy was ook nie altyd ‘n voorbeeldige bestuurder nie!’




**"... anyway, Europe, you haven't always been a model driver, either!"**

Afrikaanse vertaling van byskrifte:

EUROPEAN DEMOCRACY - EUROPESE DEMOKRASIE

AFRICAN DEMOCRACY - AFRIKA-DEMOKRASIE

## VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWÊEDE WÊRELDOORLOG GELEI HET

### 5.1 WAT WAS DIE GESINDHEID TEENOOR VROUE IN DIE DUITSE NAZI-STAAT?

**BRON 5A**

Hitler het 'n baie konserwatiewe opvatting van vroue gehad. Hierdie opvatting word duidelik uitgedruk in 'n toespraak wat Hitler in 1934 gelewer het voor die Nazi-Vroueliga waarin hy verduidelik wat die rol van vroue behoort te wees.

> Indien daar gesê word dat die wêreld van die man die Staat is ... dan kan dalk gesê word dat dié van die vrou 'n kleiner wêreld is. Die vrou se wêreld is haar man, haar familie, haar kinders en haar huis. Maar wat sal van die groter wêreld word indien niemand na die kleiner een omsien en dit versorg nie?...
>
> Ons beskou dit nie as korrek vir vroue om in die wêreld van die man in te meng nie … Ons beskou dit as natuurlik as hierdie twee wêrelde apart bly. Aan die een behoort die sterkte van gevoel en die siel. Aan die ander behoort die sterkte van visie, van taaiheid, van besluitneming en van gewilligheid om op te tree…
>
> Die program van ons Nasionaal Sosialistiese Vrouebeweging bestaan in werklikheid maar uit een aspek, en daardie aspek is die kind.

**BRON 5B**

Die volgende twee uittreksels illustreer sommige gevolge van die Nazi-beleid teenoor vroue ten opsigte van die samelewing en onderwys. Uittreksel 1 is geneem uit 'n 'Hoekie-vir-eensames' -kolom in 'n Duitse koerant in 1935 waarin 'n Duitse man 'n vrou soek. Uittreksel 2 is geneem uit '*Our Changing World*' deur Scott-Baumann en Platt waarin 'n vrou van haar ervaring vertel toe sy by 'n nuwe skool aangesluit het. Dit illustreer die tipe onderwys wat meisies onder die Nazi's ontvang het.

Uittreksel 1:

52-jarige man, suiwer Ariese dokter van Tannenberg wil gevestig raak. Wil seuns uit 'n huwelik met 'n jong, gesonde Ariese maagd, onderdanig, (gehoorsaam), hardwerkend en spaarsamig met laehakskoene, sonder oorrringe en ook sonder geld indien moontlik hê. Vertroulikheid word gewaarborg.

Uittreksel 2:

Voodat ek klasse bygewoon het, het ek 'n uur by die prinsipaal deurgebring, 'n baie vriendelike, netjiese dame van vyftig. Sy het verduidelik dat elke klas in die skool saamgestel is rondom 'n kursus wat *Frauenschaffen* (aktiwiteite van vroue) genoem word. Hierdie algemene vak is verdeel in: *Handarbeit* (handwerk), *Hauswirtschaft* (huishoudkunde, kook, huis- en tuinwerk) en die belangrikste, die *Pflege*-kursus (eugenetika en higiëne, wat aandag skenk aan 'n studie van die voortplantingsorgane, beide mans en vroue, bevrugting, geboorte, rassuiwerheid, kleutersorg, gesinswelsyn).

Sy het my vertel dat die Führer wou hê dat die meisies moet voel dat hul liggame van meer belang vir die staat is as hul verstand. Hy wou hê dat die meisies trots op hul liggame moes wees. Hy wou hê dat hulle geïnteresseerd moes wees in die liggame van hul bemindes. Indien 'n meisie 'n gesonde liggaam het, geskik vir kindergeboorte, moes sy trots wees om dit ten toon te stel. Sy het aangehaal uit *Mein Kampf*, bladsy 458, Volume 1 (Oorspronklike Duitse uitgawe):

'Dit is in die belang van die nasie dat diegene wat beskik oor 'n mooi liggaamsbou, dit na vore moet bring sodat hulle die ontwikkeling van aantreklike liggame onder die mense oor die algemeen kan aanmoedig.'

Kopiereg voorbehou 

**BRON 5C**

Die geskiedkundige, T. Noble, verwys na die gesindheid van die Nazi's teenoor vroue in *Western Civilization*, 'n boek wat in 1994 gepubliseer is.

Die Nazi's het beweer dat hulle tradisionele gesinswaardes aanhang. Gedurende die 1920's het hulle die rol van die vrou as vrou en moeder beklemtoon en die voortgaande emansipasie van vroue in Duitsland en elders na die oorlog betreur. Toe Hitler aan bewind kom, het besorgdheid oor werkloosheid hierdie siening versterk. Gedurende die somer van 1933 het die regering rentevrye lenings aangebied om egpare te help om 'n huis te bekom indien die vrou ingestem het om die arbeidsmag te verlaat. Bowendien het pogings om die Duitse geboortesyfer te verhoog die klem wat op die grootmaak van kinders in Nazi-vroueorganisasies geplaas is, versterk… [Tog] toe snelle bewapening in 1936 arbeidstekorte teweegbring, het die regering handomkeer sy ingesteldheid rakende die posisie van vroue verander en begin om vroue weer as arbeiders te werf.

## 5.2 WAS DIE DUITSE OORNAME VAN SUDETENLAND IN 1938 REGVERDIG?

### BRON 5D

Die volgende uittreksel is geneem uit William Shirer se dagboek vir 26 September 1938. Dit toon hoe naby oorlog op daardie tydstip gelyk het. Hy was 'n Amerikaanse joernalis in Berlyn gedurende die Tsjeggiese krisis. Hy was 'n kritikus van die Nazi's en moes uiteindelik in 1940 uit Duitsland vlug.

> Hitler het uiteindelik sy kanse verspeel. Skreeuend en gillend in die ergste graad van opgewondenheid waarin ek hom al ooit gesien het, het hy vanaand in die Sportplatz aangekondig dat hy sy Sudetenland teen Oktober 1 sal hê – volgende Saterdag, vandag is Maandag. Indien Beneš [die Tsjeggiese President] dit nie wil oorhandig nie, sal hy hierdie Saterdag tot oorlog oorgaan ... Hitler het twee keer geskree dat dit sy laaste gebiedseis in Europa sou wees. Terwyl hy gepraat het oor sy versekering aan Chamberlain [Britse Eerste Minister], het hy gesê: 'Ek het hom verder verseker dat wanneer die Tsjegge hulself met hul minderhede versoen het, sal die Tsjeggiese staat nie meer vir my van belang wees nie.'

### BRON 5E

Die volgende is 'n standpunt van A.J.P. Taylor, 'n geskiedkundige, ten opsigte van die München Ooreenkoms. Dit is geneem uit die boek *The Origins of the Second World War* wat in 1961 gepubliseer is.

> Die Britse staatsman [Chamberlain] het praktiese argumente gebruik: die gevaar van lugaanvalle deur die Duitsers indien oorlog sou uitbreek, die agterlikheid van die Britse militêre magte. Dit sou onmoontlik vir Brittanje wees om Tsjeggo-Slowakye te help selfs al het sy oor die militêre mag beskik. Die Britse beleid by München het die siening ondersteun dat die Duitsers geregtig was op Sudetenland op grond dat dit Duitse gebied was. Die skikking by München was 'n oorwinning vir Britse beleid – nie 'n oorwinning vir Hitler nie. Dit was 'n oorwinning vir almal wat geglo het in gelyke regverdigheid tussen mense.

**BRON 5F**

Brittanje, Frankryk, Italië en Duitsland het die München Konferensie gehou om die krisis te probeer oplos. 'n Ooreenkoms is bereik sonder dat Tsjeggo-Slowakye geraadpleeg is. Hitler kon Sudetenland kry in ruil vir 'Vrede in ons tyd'. Uittreksel 1 is geneem uit die geskrifte van Francois-Poncet, die Franse ambassadeur in Berlyn. Hy beskryf hoe sommige Franse staatsmanne gevoel het oor die München Ooreenkoms. Uittreksel 2 is geneem uit die aankondiging van die ooreenkoms aan die Tsjegge deur hul Eerste Minister, Generaal Syrovy. Dit is 'n opsomming van hoe die Tsjegge gevoel het oor die ooreenkoms wat by München bereik is.

Uittreksel 1:

Ons was bitterlik bewus van die wreedheid van die gebeurtenis. Daladier [Franse Eerste Minister] het sy kop geskud, gemompel en die omstandighede vervloek. Hy het geweier om deel te neem aan die gelukwensinge wat uitgeruil is deur ander afgevaardigdes. Die ergste, pynlikste stap is nog nie geneem nie; ons moes nou die nuus bekend maak aan die Tsjeggo-Slowake wat gewag het op die uitkoms van die Konferensie by hul hotel. Mastney, hul minister in Berlyn, het in trane uitgebars. Ek het hom na die beste van my vermoë probeer troos. 'Glo my,' het ek gesê, 'alles is nog nie finaal nie. Dit is maar een oomblik in 'n storie wat pas begin het.' Ons het om 2.30 vm na ons hotel teruggekeer. Ek het Bonnet [Minister van Buitelandse Sake] telefonies geskakel om hom in te lig oor wat gebeur het. Bonnet het my gedetailleerde verduidelikings opsygeskuif. 'Vrede is verseker,' het hy gesê. 'Dit is die belangrikste ding. Almal sal gelukkig wees.'

Uittreksel 2:

Vier Groot Moondhede het in München vergader en besluit om die aanvaarding van nuwe grense wat die Duitssprekende gebiede van ons Staat skei, te eis Hulle het ons gekonfronteer met die keuse tussen 'n desperate en hopelose verdediging wat sou beteken die opoffering van die hele jonger geslag, hul vroue en kinders, asook die aanvaarding van die voorwaardes wat op ons afgeforseer is… Ons is in die steek gelaat. Ons staan alleen.

Kopiereg voorbehou 

**BRON 5G**

Dit is 'n foto van 'n Sudeten-vrou in trane wat die Nazi-saluut aan die Duitse troepe wat die Sudetenland binnemasjeer om hul oorname van die gebied te begin, gee.



## VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGE EN GEBEURE 1945 - 1970: DIE KOUE OORLOG

### 6.1 HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) REAGEER OP DIE UIT-BREIDING VAN SOWJET-INVLOED IN EUROPA?


**BRON 6A**

Die volgende toespraak is gelewer deur die Minister van Buitelandse Sake van die Verenigde State van Amerika, generaal George C. Marshall, waarin hy 'n ambisieuse plan van ekonomiese hulpverlening aan die hele Europa verkondig het. In 'n toespraak by die Universiteit van Harvard op 5 Junie 1947, het Marshall gesê:

> Ek hoef julle nie te vertel, menere, dat die wêreldtoestand baie ernstig is nie ...
>
> Die waarheid is dat Europa se behoefte aan buitelandse voedsel en ander noodsaaklike produkte vir die volgende drie of vier jaar - hoofsaaklik van Amerika – soveel groter is as haar huidige vermoë om daarvoor te betaal, dat sy aansienlike ekonomiese hulp benodig of ekonomiese, maatskaplike en politieke agteruitgang van 'n baie ernstige aard in die gesig staar...
>
> Dit is logies dat die Verenigde State alles binne haar vermoë moet doen om te help dat ekonomiese toestande in die wêreld na normaal terugkeer, want daarsonder sal daar nie politieke stabiliteit en versekerde vrede wees nie. Ons beleid is nie gemik teen enige land of leerstelling nie, maar teen honger, armoede, wanhoop en chaos. Die doel daarvan moet die herstel van 'n werkende ekonomie in die wêreld wees om die ontstaan van politieke en maatskaplike toestande waarin vrye instellings kan bestaan, toe te laat.

**BRON 6B**

Die grafiek toon die toestand waarin Europa (Brittanje, Frankryk, Duitsland, Italië en die USSR) na die Tweede Wêreldoorlog verkeer het. Selfs die oorwinnaars, soos Brittanje, was na aan ekonomiese ondergang.



**SOURCE 6C**

Die volgende is twee Sowjet-standpunte oor die Trumanleer en die Marshallplan.

STANDPUNT 1: Die Sowjet-regering het beide die Trumanleer en Marshallplan veroordeel en het verhoed dat die Oos-Europese state onder sy beheer iets van die $17,000 miljoen wat die Verenigde State aan Europa oor die volgende vier jaar gegee het, aanvaar. In antwoord op die Trumanleer, het die Sowjet-koerant, *Izvestia,* die volgende gesê:

Ons is nou getuie van ‘n nuwe Amerikaanse indringing in die sake van ander lande. Amerikaanse aansprake op leierskap in internasionale sake het parallel met hul drang daarna gegroei. Maar die Amerikaanse leiers ... het nagelaat om rekenskap te hou met die feit dat die ou metodes van die koloniseerders en bittereinder-politici uitgedien is en tot mislukking gedoem is. Hierin lê die grootste swakheid van Truman se boodskap.

STANDPUNT 2: En in Oktober 1947, het die Manifesto van Cominform, die Kommunistiese Inligtingskantoor wat in daardie jaar gestig is om die aktiwiteite van die kommunistiese partye in die Oos-Europese state te koördineer, die volgende gesê:


Die Truman-Marshallplan is slegs 'n onderdeel van die algemene plan van die wêreld-uitbreidingsbeleid wat deur die VSA in alle dele van die wêreld uitgevoer word. Die plan vir die ekonomiese en politieke verslawing van Europa deur Amerikaanse imperialisme is aanvullend tot planne vir die ekonomiese en politieke verslawing van China, Indonesië en Suid-Amerika.

**BRON 6D**

Hierdie spotprent toon 'n Sowjet-standpunt oor die Marshallplan.

Afrikaanse vertaling van byskrifte:

| | |
|---|---|
| Do not sow seed.<br>I will sell you maize. | Moenie saad saai nie.<br>Ek sal mielies aan jou verkoop. |
| Do not build new shipyards.<br>I will sell you old ones cheaply. | Moenie nuwe skeepswerwe bou nie.<br>Ek sal oues goedkoop aan jou verkoop. |
| Why do you want to strengthen your currency?<br>Why don't you try mine? | Waarom wil jy jul geldeenheid versterk?<br>Waarom probeer jy nie myne nie? |
| It is difficult to carry out your policy?<br>Carry out ours! | Dit is moeilik om jul beleid uit te voer?<br>Voer ons s'n uit! |




Kopiereg voorbehou

## ERKENNINGS

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is, kom onder andere uit die volgende publikasies:

Bottaro, J. and Visser, P. 1999 *In Search of History Grade 12,* Cape Town: Oxford
Brockman, J. 1986 *Italy and Mussolini*, New York: Longman
Brooks, R. 1985 *The Modern World since 1970*: University Tutorial Press
Brooman, J. *The World since 1900*, United Kingdom: Longman Group
Boyce, A.N. 1974 *Europe and South Africa Part 2 A History for Std 10,* Cape Town: Juta
Condon, C. 1994 *The Making of the Modern World,* Melbourne: Macmillan
Craig, G.A. 1972 *Europe since 1914*, USA The Dryden Press
Culpin, C. 1998 *GCSE Modern World History,* London: Collins Educational
Desmond, G. 1968 *Mussolini and Fascist Era*, Great Britain: Cox & Wyman
Downing, T. & Isaacs, J. 1998 *Cold War,* London: Batam Press
Govender, S.P. et. al. 1999 *New Generation History Standard 10*, Musgrave
Heater, D. 1992 *Our world this century*, Oxford: Oxford
Hodgkin, T. 1957 *Nationalism in Colonial Africa,* New York: University Press
Hodge, T. 1993 *Understanding History, Hong Kong*: Heinemann Educational
Hills, K. 1991 *Take Ten Years 1940*, London: Evans Brothers Ltd
Lancaster, T. & S. 1994 *The era of the Second World War,* London: Causeway Press Ltd
Leeds, C. 1972 *Italy and Mussolini,* London: Wayland Publishers
McAleavy, T. 1996 *Modern World History*, UK: Cambridge University Press
Noble, T. 1994 *Western Civilization*, London
O'Callaghan, B. 1996 *A History of the Twentieth Century*, New York: Longman
Pape, J. et al 1998 *Making History Grade 12*, London: Heineman Publishers
Patrick, J. & Buzan, T. 1997 *GCSE Modern World History,* London: Hodder & Stoughton
Pearson, E. 1975 *Hitler's Reich*, London: Harrop & Co. Ltd.
Prockter, R. 1970 *Nazi Germany,* London: The Bodley Head Publishers
Sauvain, P. 1997 *Germany in the Twentieth Century,* Stanley: Thornes
Scott, J. 1989 *The World Since 1914,* Oxford: Heineman
Seleti, Y. (Editor) 1999 *Looking into the Past Grade 12*, Cape Town: Maskew Miller Longman (Pty) Ltd
Sellman, R.R. 1970 *An Outline Atlas of World History,* London: Edward Arnold Publishers
Shillington, K. 1989 *History of Africa*
Speed, P. & M. 1986 *The Modern World,* Somerset: Oxford
Tate, N. 1989 *People Events in the Modern World*, Great Britain: british Publishers
Taylor, A.J.P. 1961 *The Origins of the Second World War*, London
Traynor, J. 1991 *Challenging History Europe* 1890-1990, London: Mac Millan Education Limited
Walsh, B. 1996 *Modern World History, London:* John Murray Publishers Ltd
Waugh, S. 2001 *Essential Modern World History*, UK: Nelson Thomes Limited
Wilson, D.A. No date *Peoples, Revolutions, and Nations,* No place: Evan

Kopiereg voorbehou